Handves vir die transformasie van die Franschhoekvallei [Verkorte weergawe]

ONS, DIE MENSE VAN DIE FRANSCHHOEKVALLEI, is ’n gemeenskap wat in dieselfde geografiese gebied woon. Ons het gevolglik ’n invloed op mekaar en ons gesamentlike toekoms.

Dit is nie vir ons maklik om saam te werk of om die gevoel te hê dat ons een gemeenskap is nie. Ons is net nie daaraan gewoond nie, want ons verhoudings bly gebroke as gevolg van die verlede wat ons op grond van ras en ander sake verdeel het.

Vanweë hierdie verlede, leef ons in verskillende wêrelde. Ons ken mekaar nie regtig nie – en tog het ons duidelike opinies oor mekaar. Ons voel glad nie soos ’n verenigde gemeenskap nie. Die harde werklikheid is dat ons dikwels nie in mekaar se beste belang optree nie.

Ons is nie net verdeeld nie – ons is ook ongelyk. Ons hulpbronne is uiters ongelyk versprei, ten spyte van die feit dat ons vallei geen tekort aan hulpbronne het nie.

Hierdie situasie word van geslag tot geslag oorgedra. Die gevolge hiervan raak ons almal: misdaad, gierigheid, alkoholisme, dwelms, huishoudelike geweld, kinderverwaarlosing, gevoelens van meeder- of minderwaardigheid, bedelary, selfsugtigheid, xenofobie, ’n gevoel van hopeloosheid en ’n gebrek aan besorgdheid oor die toekoms.

In ons demokratiese land verwag ons van ons verkose verteenwoordigers om hierdie sake aan te spreek, maar ons weet ook dat die regering hierdie verantwoordelikheid nie alleen kan dra nie. Ons, as burgers, moet ook verantwoordelikheid aanvaar vir die oplossing van hierdie situasie.

Gevolglik verbind ons onsself tot die volgende drie beginsels:

1. Ons wil die verdeeldheid tussen ons oorbrug.
2. Ons wil ’n meer gelyke, verenigde, voorspoedige, opgevoede, ingeligte en geïnspireerde gemeenskap word.
3. Ons wil meer eties leef en billiker geleenthede tot opvoeding, finansies, behuising, werk en ander bronne hê.

In ons strewe na hierdie beginsels erken ons dat ons mekaar nodig het. Ons vallei behoort aan almal wat hier woon. Ons wil almal met waardigheid in ’n gesonde, produktiewe en sorgsame gemeenskap woon. Ons moet mekaar se reg om vry, veilig en gelukkig te kan wees, beskerm.

Dit behoort ons nie dekades te neem om dit te bereik nie. Ons verbind ons gevolglik daartoe om hierdie beginsels reeds in ons leeftyd na te streef en só ’n grondslag te bou vir ’n beter toekoms vir al die mense van ons vallei.